VERKOOPSVOORWAARDES VAN LOS BATES, LEWENDE HAWE EN VOERTUIE t.o.v. verkopings deur NICO SMITH AFSLAERS (hierna genoem die "AFSLAERS")

1.1 Alle goedere, voertuie en/of lewende hawe (hierna verwys as die "BATE") word deur die AFSLAERS namens die VERKOPER verkoop.

1.2 Die VERKOPER erken dat daar geen beswaring op die BATE is nie, (behalwe soos uitdruklik deur die VERKOPER aan die AFSLAERS openbaar tydens inskryf van die BATE) en dit sy uitsluitlike eiendom is.

1.3 Die AFSLAERS aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige bewerings of waarborge wat in die katalogus/advertensies verskyn nie of wat mondelings deur sy personeel, amptenare of 'n VERKOPER gemaak word nie.

1.4 Die VERKOPER wat enige BATE vir verkoop aanbied, aanvaar alle aanspreeklikheid m.b.t. jaarmodel, inligting oor teling, geslag, ouderdom, datums van dekking, of enige ander besonderhede wat foutief/irrelevant mag wees, en die KOPER se enigste reg van verhaal ingeval van 'n dispuut sal teen die VERKOPER wees.

2. Onderworpe aan enige reserwe en waardasie wat deur die VERKOPER op enige betrokke BATE geplaas is, sal die hoogste bieër die KOPER wees. Risiko van wins of verlies gaan oor op die KOPER by die toeslaan van die bod en word die BATE beskou as afgelewer aan die KOPER.

3. Die Afslaers behou die reg voor om die bod van enige persoon te weier sonder om rede vir so 'n weiering te verstrek. By die weiering van 'n bod kan die BATE onmiddellik weer vir verkoping aangebied word.

4. Alle items word verkoop vir kontant en is betaalbaar onmiddellik na toeslaan van die bod en wel b.w.v. kontant, elektroniese bankoordrag of bankgewaarborgde tjek. Uitsonderings sal alleen gemaak word indien die KOPER vooraf skriftelik reëlings met Mnr. Jeandré Smith/Wilna Nel getref het.

4.1 Kontanthanteringsfooi gelykstaande aan die koers wat die AFSLAERS se bank van hulle verhaal sal gehef word by die KOPER se faktuur waar van toepassing.

4.2 Indien die AFSLAERS enige ander betaling as voormeld aanvaar, word uitdruklik ooreengekom dat -

4.2.1 Eiendomsreg op die BATE eers op die KOPER sal oorgaan sodra die KOPER se tjek/betaling deur die KOPER se bank ontmoet is,.

4.2.2 Die KOPER onvoorwaardelik toestem dat die AFSLAERS by die KOPER se Bank mag navraag doen i.v.m. die KOPER se kredietwaardigheid en spesifiek die betaalvermoë van die tjek/betaling deur die KOPER aangebied.

4.2.3 Indien die KOPER se tjek of betaalwyse nie deur sy Bank ontmoet word nie en of sy Bank te kenne mag gee dat die tjek nie ontmoet sal word nie, sal die AFSLAERS volgens hulle uitsluitlike diskressie geregtig wees om op te tree soos verder gestipuleer in veilingsvoorwaardes met verwysing na par. 8 of om die BATE weer op te veil.

4.3 Geen BATE mag verwyder word voor of na afloop van die veiling en wanneer die KOPER se betaalwyse onherroeplik gehounireer is nie.

4.4 Die KOPER sal nie geregtig wees om betaling van die koopprys aan die AFSLAERS te weerhou op grond van skuldvergelyking of enige moontlike of hangende eis wat hy teen die VERKOPERS/AFSLAERS om welke rede ook al mag hê nie.

5.1 Tot tyd en wyl die koopprys en enige ander bedrae wat deur die KOPER aan die AFSLAERS verskuldig mag wees, betaal is, erken en aanvaar die KOPER dat die eiendomsreg ten opsigte van die BATE by die AFSLAERS/VERKOPER berus, hoewel die risiko oorgaan op die KOPER by die toeslaan van die bod.

5.2 Waar die AFSLAERS en hul werknemers die KOPER behulpsaam is met die laai of verwydering van BATES sal die risiko ten opsigte van enige skade/verlies vir die rekening van die KOPER wees.

5.3 Alle BATES word *voetstoots* verkoop en is die AFSLAERS nie aanspreeklik vir enige gebreke (verborge of andersins) wat bestaan nie.

5.4 Die KOPER sal homself vooraf vergewis of daar enige gebreke aan die BATE is en enige bod deur die KOPER sal beskou word as aanvaarding van die BATE met sy gebreke en in die toestand waarin dit ten alle tye van die verkoping daarvan is.

5.5 Die AFSLAERS sal geensins aanspreeklik wees vir enige verlies/skade veroorsaak aan enige BATE terwyl dit onder sy toesig/beheer of die van sy werknemers is nie nieteenstaande 'n onderneming om die BATE te versorg, te vervoer, te versend of af te lewer nie.

6. Indien daar 'n geskil tussen enige bieërs mag ontstaan, sal die BATE waaroor die geskil gaan, volgens die diskressie van die AFSLAERS weer vir verkoping aangebied word.
7. Die VERKOPER dra met die toeslaan van die bod al sy reg van verhaal teen die KOPER aan die AFSLAERS oor indien die AFSLAERS dit versoek.
8. Indien die koopsom nie behoorlik deur die KOPER op die dag van die veiling aan die AFSLAERS betaal word nie, of by enige wanbetaling van die koopprys deur die KOPER sal die AFSLAERS geregtig wees om volgens sy uitsluitlike diskressie :

Rente teen die maksimum toelaatbare koers bereken vanaf datum van verkoping tot datum van betaling van die KOPER tee is, en/of

Die BATE in herbesit te neem, te herverkoop op risiko van die wanpresterende KOPER wat alle koste in verband met die herverkoping, vermindering in koopprys en enige verlies en/of skade wat gely mag word, sal dra dog sal die KOPER nie geregtig sal wees op enige voordeel wat uit die herverkoping mag voortvloei nie;

Regsaksie in sy eie naam in te stel vir die betaling van enige bedrag verskuldig of vir die teruglewering van al die BATES in welke geval die voorwaardes in 8.2 hierbo van toepassing sal wees; en

Betaling van die AFSLAERS se regskostes op 'n prokureur/kliëntskaal insluitende invorderingskommissie van die KOPER te eis.

9.

9.1 Die inskrywings in die vendurol van die AFSLAERS sal voldoende bewys wees van die transaksie soos daarin aangeteken en sal bindend wees op die VERKOPER en die KOPER.

9.2 'n Belastingfaktuur uitgereik deur die AFSLAERS in ooreenstemming met die inskrywings op die vendurol sal as voldoende bewys dien vir gelde verskuldig deur die KOPER aan die VERKOPER.

10. Enige persoon wat namens 'n prinsipaal koop/bie, moet voor die aanvang van die veiling die AFSLAERS daarvan in kennis stel by wyse van 'n geskrewe volmag waarin toestemming aan hom gegee word om namens sodanige prinsipaal op te tree, by gebreke waarvan die betrokke persoon mede-aanspreeklik sal wees vir betaling van alle aankope deur hom gedoen. Enige persoon wat namens 'n prinsipaal aankope doen, sal gesamentlik en afsonderlik met die prinsipaal aanspreeklik wees vir die koopprys teenoor die AFSLAERS.
11. Alle persone wat die terrein van die verkoping betree, doen dit op hulle eie verantwoordelikheid en risiko en die AFSLAERS/VERKOPER sal nie aanspreeklik wees vir enige beserings, skade of verliese van welke aard ookal nie.
12. Die AFSLAERS behou die reg voor om sonder vooraf kennisgewing hierdie voorwaardes skriftelik of mondelings te wysig.
13. Enige BATE wat ingeskryf is of op die dag van die veiling te koop aangebied word, is onderworpe aan die betaling van die gebruiklike kommissie deur die VERKOPER aan die AFSLAERS teen 10% en of 15% van die koopprys (tensy teen 'n ander koers gereël) hetsy gemelde BATE op die veiling of daarna aan 'n KOPER (wat op die veiling teenwoordig was) met of sonder medewete van die AFSLAERS, maar as gevolg van die veiling, van die hand gesit word.
14. Alle KOPERS is aanspreeklik om benewens die prys van die bod ook BTW te betaal en word enige bod vir alle doeleindes beskou as die bod plus die toepaslike BTW addisioneel daartoe.